

## Sing vooraf staande: Psalm 47:1, 3 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!  
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,  
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 3 God vaar voor die oog met gejuig omhoog; / die trompette blink, die basuine klink:  
met 'n groot geskal styg bo berg en dal / God se glorie uit. Laat nou die geluid  
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor / Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

## Amen.

## Lofpsalm 100 (p. 494) (beurtsang)

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!  
Dien God met blydschap, gee Hom eer;  
kom nader voor sy aangesig,  
en prys Hom met 'n lofgedig!
- 2 Die HEER is God, erken dat Hy  
'n eie volk vir Hom berei,  
'n volk om Hom te dien en vrees  
en skape van sy wei te wees.
- 3 Gaan deur sy poorte in met lof,  
met lofsang in sy tempelhof;  
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;  
verhef sy lof en prys sy Naam.
- 4 Want goedertieren is die HEER;  
sy goedheid eindig nimmermeer;  
sy trou en waarheid hou hul krag  
tot in die laaste nageslag.

## Geloofsbelydenis Apostolicum

### Wet

## Psalm 68:13 (p. P. 336)

- 13 Ons prys U, HEER, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;  
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – / o hoor nou weer ons bede!  
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o HEER, / eerbiedig op u wenke.  
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

### Gebed

## Psalm 78:1, 2 (p. 390)

- 1 Merk op, my volk wat nou my roepstem hoor, / met ope hart en toegeneë oor!  
Met wyse spreuke wil ek u vermaan, / wat waarheid is van vroegste tye af aan;  
verborge goud wat net op koest'ring wag, / met stof bestrooi, haal ek weer voor die dag.
- 2 'n Wysheidswoord wat vloei uit diepe wel / – ons vaders het dit ons voorheen vertel –  
sal ons laat hoor, en aan die stamverband / sal ons verhaal die wonders van Gods hand;  
sodat ons kinders trou dit ná kan speur, / sy dade kan verkondig altyddeur.

Skriflesing: Jesaja 8:23 – 9:6 en 1 Johannes 4 en 5.

Teks: Jesaja 9:6 (9:5)

**Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die  
heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar,  
Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – (Jesaja 9:6 AFR53)**

In die tyd toe die Here al die dinge waarvan ons in Jesaja gelees het, aan hom  
geopenbaar het, het alles (die land en die mense!) rondom Jesaja in bangheid en ellendes  
gelê. *Soos die Here altyd doen, het Hy toe ook gedoen: Hy het aan dié wat Hy liefhet  
geopenbaar dat Hy vir hulle anderkant hulle lyding 'n beter toekoms het.*

Natuurlik het die Here met wat Hy aan die profeet openbaar, nie net een tyd en een enkele gebeurtenis in gedagte nie!

- Hy openbaar inderdaad in die eerste plek dat die volk Israel nadat die straf tyd verby is, weer sy seën sal ontvang.
- Maar die dinge wat geprofeteer word, gaan baie verder as net die Ballingskap en daardie geskiedenis – dit sny tot deur ons en ons toekoms!
  - Van vers 5 af openbaar die Here baie duidelik die reddende werk van die Messias.
  - Hy openbaar selfs die Persoon van die komende Messias deur gebeurtenisse en Name opeen te stapel.

***Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors –***

Die Messias/Christus gaan so ver bo die gewoon menslike begrip uit dat Hy beskryf word met woorde wat normaalweg nie saam in een sin kan staan nie.

- Hy is **Kind** en **Seun** en **God** ('n Kind wat gebore word, maar terselfdertyd sterke God).
- Terselfdertyd is Hy **ewig** en Hy bewerk ewige vrede – wat natuurlik verlossing insluit.

Die sleutel wat die Messias se Wese ontsluit, is die eerste twee beskrywings:

- ***'n Kind is vir ons gebore,***
- ***'n Seun is aan ons gegee.***

Kom ons kyk eerste na die profesie rondom die woord: **Kind**. Die openbaring begin asof dit gewoon normaal is: 'n kind word gebore. Natuurlik. Dit klink nie snaaks nie, want alle kinders word gebore.

- Tog staan daar iets van die geboorte uit: Die woorde **vir ons**. Waarom word die kind **vir ons** gebore? Alle kinders word nie **vir ons** gebore nie. Hulle word normaalweg **vir hulle ouers** gebore.
- Die vraag hang dus eers onopgelos: wie is die **ons** en waarom word die Kind gebore **vir ons**.

Die antwoord is dat die **ons** inderdaad sondige mense is. Ons is die uitverkorenes van die Here wat sonder hierdie ingryping van God verlore sou gaan, want ons hele lewe is sondebevlek en deurspek met verkeerdhede.

Die antwoord is verder dat die Messias eerste 'n Kind gaan wees wat as 'n mens gebore gaan word vir mense. *Hierdie gedeelte van die openbaring beklemtoon die mensheid van Jesus Christus*. Later beskryf die boek Openbaring die gebeurtenis so:

**En sy (Maria) het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.** (Openbaring 12:4-5 AFR53)

Soos alle ander gelowige ouers se kinders van daardie tyd, is hy ook besny en in die tempel geseën toe sy ouers die lossingsoffer vir Hom gebring het.

**En Símeon het hulle geseën en aan Maria, sy moeder, gesê: Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word –** (Lukas 2:34 AFR53)

Dit was inderdaad 'n seën plus 'n profesie:

**Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel ...**

Die Kind moet val: Hy moes uiteindelik kruis toe gaan. Die hand van die slegte magte was van die begin af teen Hom:

**Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het,**  
(Handelinge 4:27 AFR53)

Openbaring 12 laat ons sien dat hierdie mense direk deur die satan gedryf was!

Maar hierdie Kind was ook bestem om uit die dood op te staan ten behoeve van baie in Israel – die uitverkore volk! In die Nuwe Testament kyk die Heilige Gees terug in die geskiedenis en praat dan met die kerkvolk met die volgende woorde:

**God het, nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer.** (Handelinge 3:26 AFR53)

Ons luister weer na die profesie in Jesaja 9. Ons ondersoek wat die Heilige Gees bedoel het met die woorde: **'n Seun is aan ons gegee ...**

- Die Kind wat vir ons gebore is, was nie ons Kind nie.
- Hy was 'n Kind ten behoeve van ons. Hy was iemand anders se **Seun**. Daardie Persoon het sy **Seun** vir ons gegee.

Die woord *Seun* gaan nie in die eerste plek daaroor dat dit die geslag van die betrokke Kind is nie. *Hierdie woord beklemtoon die Godheid van hierdie Kind. Hy is God se Seun wat vir ons gegee is.*

Hy was van ewigheid af God self. Hy was van altyd af daar. Toe het God dit gedoen wat ons met ons menslike verstand nie kan uitredeneer nie. Hy het die Seun gegenereer. Ons bely dit in die volgende woorde in die Belydenis van Athanasius:

- *Die Vader is deur niemand gemaak of geskep of gegenereer nie;*
- *die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie, maar gegenereer;*
- *die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun nie gemaak of geskep of gegenereer nie maar gaan van Hulle uit.*

Die Heilige Gees stel hierdie daad in die volgende woorde in ons Bybel:

**soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer.** (Handelinge 13:33 AFR53)

So gebeur dit dat die tweede Persoon van die Godheid as die Seun 'n menslike liggaam aangeneem het om ons te verlos. Die Here laat dit soos volg opteken:

**Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,** (Galasiërs 4:4 AFR53)

Hierdie vers in Jesaja (9:1) vat dus die mensheid en die Godheid van die Messias saam in die een aankondiging.

- Wie dit nie begryp nie, kan die res van die name en beskrywings wat kom, nie verstaan nie.
- In die res van die beskrywing word aangedui wie hierdie Seun was en watter mag Hy gehad het – en daarom dinge kan doen wat buite die vermoëns van 'n mens lê.

Kersfees is dus 'n gebeurtenis met 'n boodskap. Dit is die een dag wat ons blydschap saamvat omdat God met die koms van sy Seun ons redding en herskepping waar en werklik kom maak het.

- Ons verlossing en ons hoop en ons ewige toekoms word saamgevat in die Naam *Jesus Christus*.
- Dis waarom die evangelie presies met hierdie woorde aan die Jode in verstrooiing verkondig word:

**Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun (Hebreërs 1:1 AFR53)**

Hierdie Seun besit ewige heerskappy. Die uitdrukking in Jesaja 9 – **en die heerskappy is op sy skouer** – is maar 'n idioom om die koningsmantel wat van sy skouer af hang tot op die grond, te beskryf. Die apostel Johannes het die Messias in die hemel gesien, waar Hy presies so aangetrek is:

**en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.**  
(Openbaring 1:13 AFR53)

Johannes het nie net die Seun van God met 'n koningskleed om sy skouers gesien nie.

- Hy het Hom gesien in sy reddende heerskappy.
- Hy het Hom gesien in die geweld van sy woede waarmee Hy die hel en sy magte vernietig, sodat die vir wie Hy gesterf het die volmaakte heerlikheid wat Hy as God voorberei het, kan ontvang en geniet.
- Johannes het Hom gesien waar Hy met Goddelike almag 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde maak.
- Hy het Hom gesien waar Hy die dooies opwek en met hulle liggame verenig.
- Johannes het die skares gesien met wit klere aan wat hierdie God en Here tot in ewigheid toe loof en prys.

Dit is waarom Jesaja gesê het dat die Seun **Wonderbaar** is.

- Hy is net ver meer as die gewoon menslike.
- Hy oorskry alle perke van mag waarvoor ons enige begrip het.
- Die naam **Wonderbaar** dui op die bomenslike Goddelike Wese van die Seun van God wat vir ons gegee is.

Hierdie Seun is terselfdertyd **Raadsman**.

- Dit openbaar dat die Seun van God as God sy eie Raadsplan opgestel het en dit self uitvoer.
- Hy weet wat onmisbaar is vir die wat Hy liefhet, en Hy sorg dat Hy dit vir hulle gee.

Gaan daar iemand of enige mag wees wat die Seun van God gaan keer om hierdie werk te kan doen? Nee, want Hy is self die **Sterke God**. Luister hoe stel die Here dit in die Hebreërbrief:

**En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid. En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme; *maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer;* (Hebreërs 1:6-8 AFR53)**

Die Seun is dus niemand anders nie as God self. Die Heilige Gees het dat Jesaja dit so aankondig: Hierdie Seun is **Ewige Vader**.

- Sy regering is God se regering.
- Omdat Hy God is, is Hy en alles wat Hy doen ewig!

Stéfanus het Jesus ook in sy Godheid gesien.

- In sy doodsoomblikke het die Here Stéfanus se oë sterk gemaak, sodat hy sy eindadres kon sien.
- Tussen 'n reën van klippe deur het hy opgekyk en gesê wat hy sien:  
**En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.** (Handelinge 7:56 AFR53)

Dink daaraan: Hy is gebore om te sterf en op te staan sodat ons 'n pad het uit ons ellendes uit agter Hom aan in sy ewige heerlijkheid in. Dit is waarom die laaste naam is: **Vredevoers**

Is die vrede wat die Seun van God kom maak het vir alle mense bedoel? Hierdie Kind wat vir ons gebore is antwoord self:

**Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.**  
(Johannes 17:12 AFR53)

Die Seun is gegee om verlossing te bewerk. Hy verlos ons wat deur God aan Hom gegee is!

- Anders gesê: God gee dus vir ons verlossing en vryspraak met die dat Hy sy Seun vir ons gee.
- Daarmee word die verhouding tussen ons en God heeltemal verander. Waar dit vroeër 'n verhouding van straf was, is dit nou 'n verhouding van versoening. Dink maar net aan die woorde van Romeine 5:10:

**Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.** (Romeine 5:10 AFR53)

Die Here stel hierdie verlossingsgebeurtenis nog skerper in Kolossense 1:13:

**Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,** (Kolossense 1:13 AFR53)

Die verlossing roep ons op tot verantwoordelikheid.

- Ons moet die Verlosser bely.
- Hierdie geregtigheid wat die Here Jesus verwerf, is ons eie as ons in Hom glo (NGB art. 23).

Dink hier aan die gesprek tussen Jesus en Martha:

**Jesus sê vir haar: Jou broer sal opstaan. Martha antwoord Hom: Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag. Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?**

Hierop volg toe dadelik haar belydenis:

**Sy antwoord Hom: Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom.** (Johannes 11:23-27 AFR53)

Ons doen dus met ons herdenking van die geboorte van die Here Jesus belydenis van God se liefde vir ons. Ons bely dit met die woorde van die apostel Johannes:

**Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.** (1 Johannes 4:9 AFR53)

Sodat ons deur Hom kan lewe!

Daarom is ons herdenking van die geboorte van Christus terselfdertyd ons belydenis:

- Ons bely dat die Kindjie wat gebore was God se Seun is en dat Hy God self is.  
**Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.** (1 Johannes 2:23 AFR53)
- Die kind wat vir ons gebore is, wat ook God se Seun is, het gekom om ons ook kinders van God te maak.
  - Hy stel ons in die ewigheid in 'n verhouding van kindskap tot die Ewige en Almagtige God.
  - Hy eis egter van ons getrouheid en vastheid van geloof.

Die Heilige Gees laat al die dinge duidelik en verstaanbaar vir ons neerpen in die Bybel – met 'n vaste doel:

**maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.**

(Johannes 20:31 AFR53)

Ons Bybel maak sy laaste bladsye toe met hierdie oproep in ons ore:

**Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees.** (Openbaring 21:7 AFR53)

Ons verwag dat die Seun van God terugkom na ons toe. Met 'n groot verskil van sy eerste koms: Wanneer die Here Jesus weer kom, kom Hy nie weer as 'n Kind wat vir ons gebore word nie.

- Ons verwag Hom in die vervulling van sy werk as die ewige Regter – die Almagtige Ewig regerende Seun van God.
- Ons verwag Hom as die Vredevoers wat die vrede finaal kom vestig omdat Hy op daardie oomblik die hel en al sy familieledes vir ewig in die hel sal werp en verseël sodat daar nooit weer enige onvrede tot stand kan kom nie.
- Op daardie oomblik sal die Here self aan ons wat Hom bely, 'n beloning uit genade gee dat ons so 'n heerlikheid sal hê as wat die hart van 'n mens nooit sou kon bedink nie.
- Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlanse om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 98:2, 4 (p. 488)

- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;  
dit slaan die wêreldes gade / nou onse God sy heil ons skenk.  
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!  
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.
- 4 Laat al die strome nou die hande / in jubel saamklap van omlaag;  
laat die gebergtes langs hul wande / die juigtoon altyd verder draag!  
Hy kom, die Regter van die volke, / omstraal deur reg en majesteit;  
Hy span sy vierskaar in die wolke / en oordeel in regmatigheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.  
**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 8 Desember 2013